

Mei 2006

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het heelwat terugvoering ontvang van verlede maand se brief oor Meintjeskop. Dit was baie interessant.

Ek het na die foto en jou inligting oor Meintjeskop gekyk.

Dit is inderdaad klipkrale en sal met die een of ander Ystertydperk-gemeenskap verbind wees. Ongelukkig is hierdie area nooit regtig argeologies en etnografies ondersoek nie, aangesien die Uniegebou reeds in 1913 gebou is en dit daardie tyd nie die gebruik was om sodanige oorblyfsels te bewaar en te ondersoek nie.

Die posisie van die kraal is tipies. Dit is meer noord gerig omdat dit die warmer hang van die koppie is. Die saaltjie wat daar gevorm is sou ook goeie beskutting vir vee gebied het.

Ek is besig met 'n artikel oor die voorgeskiedenis van Pretoria. Al wat ek uit my navorsing kon wys word is dat Mzilikazi klaarblyklik 'n kraal by Meintjeskop gehad het. Dit was in die jare 1827-1832, maar die foto toon duidelik 'n persoon wat besig is om vee op te pas.

Die vraag is dus, wanneer is dit geskilder - waarskynlik heelwat later (1870's?). Daar is dus twee moontlike verklarings:

- Hierdie kraal kon die oorblyfsels van een van Mzilikazi se krale gewees het en dit was onbenut toe die skets gemaak is.
- Dit kon 'n latere kraal van 'n ander groep (Tswana?) gewees het en dit kon steeds in gebruik gewees het toe die skets gemaak is.

Die eerste klink vir my meer aanvaarbaar.

Dit lyk nie regtig vir my na die oorblyfsels van 'n stat nie, maar 'n mens moet versigtig wees omdat 'n mens nie altyd weet wat interpretasie en detail 'n kunstenaar self gegee het nie. Dit lyk of dit moontlik 'n buitepos vir die aanhou van vee kon gewees het.

Dit is bekend dat potskerwe al op Meintjeskop opgetel is, maar ek het self nog nie so iets daar gekry nie. Indien versierde potwerk gevind kan word, sal dit moontlik wees om dit relatief te dateer en moontlike kultuurverband vas te stel.

Groete

Anton

Dr. A.C. van Vollenhoven
Deputy Manager: Museums & Heritage

From: [J du Plessis](#)

To: [Rosa](#)

Sent: Tuesday, January 10, 2006 7:43 PM

Subject: Stiemens grafte in PTA se ou begraafplaas

Hallo Rosa

In die Stiemens se familiegrafte is daar een ongemerkte graf. Ek wil nou probeer vasstel wie sin dit is. Is daar dalk n kantoor waar ek met iemand telefonies of andersins kan kontak maak?

Sterkte vorentoe, Jean

Jean du Plessis van Stellenbosch doen navorsing oor Stiemens. Kan iemand miskien help?

Dankie vir die inligting oor die kamp. Ek wonder net of daar van die inwoners was, wat aangebly het nadat die kamp op 15 Des 1902 gesluit het, want ek het 'n sterfteskennis wat aantoon dat Susarah Viljoen in 1905 daar oorlede is. Dit het my nog altyd gepla dat sy so lank na die oorlog verby is, nog daar aangebly het.

MHG/TAB/7093

VILJOEN - Susarah Margaretha Pieterella geb Vermeulen

Gebore: Leeuwfontein dist Pta

Vader: Giliam Christoffel Vermeulen

Moeder: Hester Sophia Botha

Ouderdom: 29jr 11 dae * Apr 1875

Getroud: x Pretoria, Philippus Jacobus Petrus Viljoen

Oorlede: 5.3.1905 Tent Meintjeskop Pretoria

Kinders:

1. Giliam Christoffel * 6.9.1892
2. Johannes Herclaas Christoffel
3. Hester Sophia
4. Daniël

Die konsentrasiekamp te Meintjeskop is op 15 Desember 1902 gesluit en het slegs elf maande bestaan. Dit was nooit tot sy maksimum gevul nie, trouens dit was op die meeste meer sowat driekwart vol.

Groetnis,

Mari

Vriendelike Groete
Peet & Mari Mostert
Montanapark
PRETORIA
<:><:><:><:>

MINNAAR / PRINSLOO / DORFLING / MOSTERT / BADENHORST / FOURIE /
FARMER /
PIETERSE / VAN STADEN / VAN RENSBURG / BRONKHORST

Sover my inligting strek het sommige mense na die oorlog geen heenkome gehad nie en het aangebly in die kamp alhoewel dit nie meer deur die regering onderhou was nie. Die kamp het die naam van Donkieskamp gekry. Die onderstaande twee stukke kom uit my versameling. Iewers het ek nog 'n 'n stuk oor die kamp maar kon dit nie opspoor nie. Is daar miskien iemand wat nog inligting het. Ek heg 'n foto aan van die plek waar die kamp was. Daar bestaan ook 'n Erich Mayer skildery van die kamp.

Rosa Swanepoel

Die volgende uit een van Tom Andrews se lesings tydens 'n toer [Boomstraat na Hoves drift]

Donkey Kamp

The area north of this stream towards Meintjeskop and covering a large portion of what is now the Hendrik Verwoerd Hospital was after the turn of the century referred to as DONKEY KAMP for the reason, it was a very poor white element that lived here in worse conditions than what can be called a shanty town, and it seemed that everyone owned one or more donkeys. The place was cleaned up after 1910.

Die volgende uit die herinnering van Leon Zeiler

In die dae toe die Engelse oorlog nog aan die gang was, het baie mense Pretoria toe gevlug, die Doppers het met ossewaens en ander rytuie by die Doppe Kerk aangekom, agter die kerk was 'n groot saal en groot oop veld. Daar het hulle uitgespan en tente opgeslaan. Ander wat nie so gelukkig was nie het plek gekry binne in die saal, die banke was so geskuif dat elke familie sy eie plekkie het. Dikwels het ek by die kinders gaan speel.

Baie ander vlugteling kon nie in Pretoria plek kry nie, die mense het toe 'n soort kamp gemaak by Hove's drif naby die plek waar die Hospitaal vandag is, die arme mense het baie swaar gekry daar hulle in krotte, skerms en flentertente moes woon. Neem die Engelse Pretoria in, toe kry die mense bitter swaar want kos word gerantsoeneer, baie skraps, en dan moes elkeen dit self gaan haal met sy kaart. Die plek waar hulle dit ontvang, was op die hoek van Andries en Skinnerstraat, 'n paar keer het ek saam met die mense daarheen gestap. Die water moes uit 'n put gehaal word digby die Apiesrivier, die meeste mense het net blikke vir kook en water aan te dra. So vir omtrent twaalf tree om die put was dik modder wat veroorsaak was deur die Engelse water karre wat maar gedurig om die put was, die mense met hul blikkies moet dan maar geduldig was 'n 'n bietjie water te kry, ek sien nou nog oumense, vroue en kinders deur die modder sukkel.

Vuurmaakhout was byna onverkrygbaar, dikwels het ek saam met die kinders veld toe gestap om bietjie hout te soek, en terug by die armoedige kamp sien ek moeders wat bietjie kos in blikkies kook. Die ellende wat ek as kind gesien het het ek nie die gawe om te beskryf nie, maar nooit kan ek dit vergeet nie.



